Nuusbrief 2. News letter 2 2008

Dit is vir my aangenaaam om weer vir julle almal die tweede nuusbrief te stuur. Ek het gehoop om op hierdie stadium goeie nuus te kan berig oor die Wetgewing rakende die Biodiversiteitsplanne, maar helaas, geen nuus nie. Ook wat die implementering van die TOPS wetgewing in die Wes-Kaap betref. Ek self het aansoek gedoen vir die hernuwing van my verkoopspermitte vir die volgende 12 maande, maar ongelukkig is die proses nog onderweg. Die goed of afkeuring van die verkoopspermitte sal aandui hoe die wind gaan waai rakende die wetgewing na 31 Januarie 2009.

Hierdie nuusbrief word ook aan al die lede van die Broodboom Vereniging gestuur wat in die Wes-Kaap woon. Die lys van name is deur die Broodboom Vereniging van SA voorsien. Ek wil dan hiermee 'n uitnodiging rig aan al die lede wat nog nie ingeskakel het by die Streekstak se byeenkomste nie om in te skakel. Die Wes-Kaap is geografies 'n groot gebied en ons poog om die byeeenkomste of uitstappies te versprei om dit vir almal moontlik te maak om te kan deelneem.

We would also like to report in the newsletter where the members can buy cycads in the Western Cape. I would appreciate if you know of a nursery or someone selling cycad seedlings to provide me with the information which I will follow up and obtain permission to publish it in the newsletter.

Our last meeting of the year will be on the 22 November at Kirstenbosch, in the Garden office building or the old Herbarium. Everyone are invited to bring a friend along and join us for an afternoon of Cycad discussions .

Legislation

As everyone is aware by this time, the TOPS regulations were published at the beginning of 2007. There are a couple of aspects that I would like to highlight again.

1. Possession permits.

By now everyone should have possession permits for indigenous cycads, if you do not have one already under the provincial legislation. The possession permit serves as a transport permit as well and is valid for a period of 54 months:
"Possession permit" means a permit for keeping or conveying a specimen of a listed threatened or protected species for personal use in a person's possession without carrying out any other restricted activity"

2. Trade

No substantial progress has been made with the compilation of guidelines to draft Biodiversity plans. The regulation requires an approved Biodiversity plan for the trade in endangered and critically endangered plants. In the absence of an approved Biodiversity plan, you will not be allowed to trade in the listed cycads after 31 January 2009.

Reg 25 " The following are prohibited activities:
(b) Trade in artificially propagated specimens of critically endangered or endangered Encephalartos species, and the export of such specimens with a stem diameter of more than 15cm, except where provided for in a Biodiversity Management Plan approved by the Minister in terms of section 43 of the Act

3 Endangered and critically endangered cycads include the following (17 species)

Critically endangered species: E aemulans, brevifoliolatus, cerinus, dolomiticus, heenanii, hirsutus, inopinus, latifrons, middelburgensis, nubimontanus, woodii

Endangered species: E arenarius, cupidus, horridus, laevifolius, lebomboensis, msinganus.

4 Growing cycads for commercial purposes/ Nurseries
Registration is required if you are growing cycads for trading. Permits are currently being issued in the Western Cape for a period of 12 months.

George Werksgroep
Broodboom belangstellendes van die Knysna, George en Mosselbaai omgewing het op Saterdag 5 Julie bymekaar gekom in Grootbrakrivier vir die stigting van 'n Broodboom werksgroep. Die werksgroep sal onder die Broodboom verening van die Weskaap resorteer , maar sal hulle eie aktiwiteite reël, en waar moontlik aktiwiteite van die Weskaap tak bywoon. Waar moontlik sal ekself ook van die werksgroep aktiwiteite bywoon.. Chum van Zyl word bedank vir die moeite wat hy gedoen het om die werksgroep op die been te bring en sal ook optree as skakel persoon Hy kan gekontak word op 0837044933 vir enige persoon wat in daardie omgewing woon en wat wil inskakel.

Chum Van Zyl addressing the audience in Grootbrak

June Gathering

A successful gathering of our branch members took place at the home and garden of Andy and Maria Naude in Stellenberg. The relative newly establish garden was very impressive and consist of a wide range of healthy specimens. (Even the yellow flowering Aloe pluridens!)
Andy's first introduction to cycads was in Middelburg in 1969 when he was taken to a colony of E Middelburgensis plants. Although Andy and Maria's love for cycads go back many years, they only started their cycad garden in July 2005. With a bit of assistance from a garden designer the basic lay out was done – now he and Maria just fill the gaps as plants become available. Andy says that he mistakenly thought that the only place to purchase cycads was at the Kirstenbosch sale With the cold weather Maria has provided a good supply of boerewors rolls which keep us all in a happy mood.

Almal in diep gesprek in Andy Naude se tuin

September gathering

We all realize again that the cycad collection of Kirstenbosch may be the best in the world. This was emphasized with our gathering in September at the Kirstenbosch Botanical garden. A large group of our members gathered in the Garden office board room to listen to the cycad management program of the garden. Phakamani Xaba gave us an overview and introduction of the program as well as the cycad collection. This was followed up by Prof John Donaldson, chairman of the international Cycad workgroup of IUCN and researcher of Kirstenbosch. It was shocking to see some of the stats indicating that cycads are really approaching to extinction in the wild. The talks were followed up by a short visit to the plants in the garden, and we all realized that you need much more time to appreciate the beauty of the plants.

Phakamani Xaba het opgetree as spreker en almal ingelig oor die broodboomprogram van die tuin. Die versameling Transvenosus Woodii kruisings was vir almal indrukwekkend.

Die Campfer laning met die mooi Vilosusses en die Paucis

Pauci keëls en die groep by die Woodii in die Tuin

Vroulike keël met 'n jong plant wat vorm en ook 'n manlike keël met 'n plant wat ontwikkel het

Grootste broodboom bedreiging?

Gedurende die besoek aan Kirstenbosch is aan die lede uitgewys dat daar moontlik stam boorders aanwesig mag wees in sommige van die E altensteinii plante van die tuin. Klein ronde gaatjies was sigbaar in die skubbe van die plante en daar was ook wurmmis of uitwerpsels sigbaar. Dit het nogal heelwat kommer laat onstaan asook baie besprekings. Die vorm van pes is baie moeilik om te bestry as dit reeds binne die plant teenwoordig is.

Stam van Altensteinii plant met gaatjies en wurm uitwerpsels tussen die skubbe in Kirstenbosch.

Ek het onlangs die geleentheid gehad om twee E trispinosus plante te bekom en albei plante het tekens getoon van stamboorder besmetting. Daar was 'n vroulike keël teenwoordig wat vol gaatjies was en ook wurm mis getoon het . Met nadere ondersoek kon heelwat klein swart snuitkewers gesien word wat uit die gaatjies uitkruip. Hoewel dit te betwyvel is of hulle verantwoordelik was vir die gaatjies. Ek het die keël oopgesaag en kon toe baie duidelik die wit wurms of stam-boorders binne die keël waarneem.
Al die plante en suiers is vir twee ure in 'n sterk oplossing van Chloorpiriphos gedompel met die hoop dat die gif die gaatjies en plante sal penetreer en die wurms sal doodmaak.
Dit sal gaaf wees as enige van die lede wat soortgelyke beskadiging waargeneem het vir my kan laat weet sodat ek die inligting in die nuusbrief kan plaas.

Vroulike keël met gaatjies waaruit gom uitloop. Klein swart snuitkewers kruip uit die gate



Oopgesnyde keël wat die verrotting aandui asook die wurm kanale

Wit stamboorder wurms of larwes duidelik sigbaar asook gaatjies en wurm uitwerpsels tussen die sade.

November Meeting

Just a reminder of our November meeting which will take place at Kirstenbosch again. For those who are coming for the first time, it is held in the garden offices or old herbarium building. Use the service entrance, south of the main entrance and drive up to the main building. The meeting will start at 14h00 on the 22 November. The topic for the day will be a discussion on E paucidentatus. This will be our last gathering of the year and some snacks will be served.

Kirstenbosch Garden Fair and plant sale

We have formally been notified that the Botanical Society and Kirstenbosch have agreed to our request to put up a stall and display at the annual garden fair at Kirstenbosch. We are very excited about this project, as it will be the first between the Western Cape branch of the Cycad society and the Cycad division of Kirstenbosch. We would like as many members as possible to participate in the event and please prepare your seedlings for putting up for sale at the event.

More information will be available at the November meeting.

Stuifmeel en saad bank

Gedurende die Junie byeenkoms is daar 'n bespreking gevoer oor die opsies om 'n stuifmeel en saad bank te vestig. Frikkie Conradie , die Tesourier van die tak het onderneem om sy gedagtes vir ons weer te gee. Hier is sy gedagtes en ek hou dit graag aan julle voor om daaroor te besluit. Ons sal die voorstelle tydens die Novembermaand byeenkoms bespreek.

Stuifmeelbank.

Die Wes-Kaap Tak van die Broodboomvereniging van SA beoog om 'n stuifmeelbank te Kirstenbosch te vestig. Die stuifmeelbank sal onder die toesig van Kirstenbosch en die Wes-Kaap Tak se dagbestuur gesamentlik bedryf word.

Lede wat aan die aktiviteite van die stuifmeelbank wil deelneem moet hulle manlike en vroulike plante vooraf registreer. Vir hierdie doel sal 'n register deur die sekretaris van die Wes-Kaap Tak soos volg bygehou word, naamlik:

Spesie	***Manlik/vroulik***	***Persoon***	***Kontak besonderhede***
E. gratus	*Manlik*	*Gert Encephalartos*	*(021) 123-4567*
E. gratus	*vroulik*	*Gert Encephalartos*	*(021) 123-4567*
ens.			

'n Register (soos hieronder aangedui) sal ook deur die sekretaris van die Wes-Kaap Tak bygehou word t.o.v. stuifmeel wat ge-oes en in die stuifmeelbank geplaas en uitgereik word. Hierdie register sal maandeliks aan geregistreerde lede beskikbaar gestel word. Lede sal dus weet watter stuifmeel in die stuifmeelbank beskikbaar is.

Spesie	***Datum waarop stuifmeel ge-oes is***	***Stuifmeel ge-oes deur (Persoon)***	***Kontak besonderhede***	***Beskikbaar/uitgereik aan***
E. gratus	*DDMMJJJJ*	*Gert Encephalartos*	*(021) 123-4567*	*beskikbaar*
E. gratus	*DDMMJJJJ*	*Gert Encephalartos*	*(021) 123-4567*	*Uitgereik aan Koos Grootboom*
ens.				
ens.				

Voorkeur vir die uitreiking van stuifmeel sal verleen word aan persone wat lede van die Wes-Kaap Tak is en wat hul plante vir hierdie doel geregistreer het. Skenkers van stuifmeel aan die stuifmeelbank sal voorkeur geniet by die uitreiking van stuifmeel. Daarna sal stuifmeel sal op 'n "first come first serve" basis uitgereik word. Stuifmeel mag nie aan 3de partye gegee word nie en is slegs vir die uitsluitlike gebruik van die aanvraer.

'n "Administrasiefooi" sal gehef word vir die uitreiking van stuifmeel. Fondse ge-in sal kwartaalliks tussen die Wes-Kaap Tak en Kirstenbosch verdeel word.

Alle lede wat stuifmeel aan die stuifmeelbank skenk moet die stuifmeel duidelik merk. Die volgende inligting moet die stuifmeel vergesel, naamlik:

(i) Spesie
(ii) Ge-oes deur
(iii) Datum ge-oes

Die sekretaris sal op elke vergadering rapporteer watter lede stuifmeel aan die stuifmeelbank geskenk het, asook aan wie stuifmeel uitgereik is.

Jaap Viljoen
Chairman, Cycad Society of the Western Cape
Swellendam
October 2008